13 Augustus 2015

Mnr. Marius Paulse
Hoofdirekteur: Gestruktureerde Landbou Onderwys en Opleiding
Wes-Kaap: Departement van Landbou
Privaatsak X1
Elsenburg
7607

Mnr. Alan Winde
LUR Landbou en Ekonomiese ontwikkeling
alan.winde@westerncape.gov.za

Onmiddellike optrede teen stakende studente

Geagte mnr. Paulse

Lede van AfriForum Jeug op Elsenburg het my ingelig dat daar weereens stakings plaasvind by die Landbou-kollege. Die stakende studente ontneem mede-studente van hul reg tot onderrig soos vervat in die Grondwet van die land.

Voorts verhoog dit rassespanning op die kampus en het ons verneem daar was reeds ’n konfrontasie tussen van die studente buite een van die lokale.

Ons het by ’n vorige geleentheid skrywes aan die kollege gerig, maar geen konstruktiewe terugvoer is in hierdie verband ontvang nie. Daar was ook geen optrede teen die studente wat hulle skuldig gemaak het aan die ontwrigting van klasse nie.

AfriForum Jeug eis dat:

1. Die studente wat hulself skuldig maak aan die onwettige optog dissiplinêr aangekla en verhoor word.
2. Die leier van die betogende studente, Sabelwesihle Ngcobo, onmiddellik verhoor en geskors word.
3. Enige student wat onwettig betoog en lid is van die Studenteraad (SR), onmiddellik van die raad geskors word en dissiplinêr verhoor word.
4. Die kollege-bestuur die nodige stappe doen om die veiligheid van studente en personeel te waarborg.

AfriForum Jeug eis skriftelike terugvoer teen Maandag 17 Augustus 2015.

Indien bestuur versuim om binne die gegewe tyd op te tree teen die groep studente, sal AfriForum Jeug homself tot die howe wend om sodoende te verseker dat bestuur hulle verpligtinge teenoor die benadeelde studente nakom en hulle regte beskerm.

Ek vertrou dat die skrywe met die nodige erns en dringendheid hanteer sal word.

Die uwe

Henk Maree
AfriForum Jeug: Nasionale voorsitter
Sel: 083 280 2470